# ONTWERP GEKIES VIR DIE VOORTREKKER-MONUMENT

## MASSIEWE WIT MARMERBOUWERK

## Laer Rondom Waarop Waens Uitgebeeld Sal Word

(Van Ons Eie Verteenwoordiger)

JOHANNESBURG, Dinsdag, 14 April.—Die volgende amptelike verklaring is vanmore deur die Sentrale Volksmonumentkomitee uitgereik:

Dit is met leedwese dat ons onge-outoriseerde en foutiewe berigte in sekere koerante gesien het oor die vergadering van die Sentrale Volksmonumente-komitee gehou i.v.m. die Voortrekkermonument in Kaapstad op 7 deser. Om verwarrende en foutiewe berigte te voorkom, is dit bes geag dat 'n amptelike verklaring deur die voorsitter en die sekretaris opgestel en aan die pers oorhandig word.

### ONDERKOMITEE SE WERK.

Op 'n vergadering gehou in Januarie jl. is 'n onderkomitee aangestel om ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor die vorm wat die monument moet aanneem. Die onderkomitee het bestaan uit drie lede uit die Noorde en drie uit die Suide. Deur middel van die pers en andersins is bekend gemaak dat die onderkomitee graag planne en wenke van die publiek sou wil ontvang en deur die Departement van Buitelandse Sake is ons gesante in die buiteland gevra om inligtings in te win omtrent nasionale monumente in ander lande.

### TWEE PLANNE SAAMGEVAT.

Hierdie inligting wat bestaan het uit planne, sketse en wenke wat van die buiteland, die publiek en kunstenaars ingekom het, is almal deur die onderkomitee noukeurig oorweeg en hy was van oordeel dat 'n poging aangewend moet word om twee ontwerpe saam te smelt. Die een ontwerp was afkomstig uit die Noorde en die ander uit die Suide. Mnr. Moerdyk, bekende boumeester van Pretoria en ontwerper van die skets, is deur die onderkomitee genader en hy het verklaar dat die twee ontwerpe in een saamgevat kan word. Die onderkomitee het toe eenparig besluit om aan te beveel dat die twee ontwerpe die basis van die voorgestelde monument sal vorm en dat mnr. Moerdyk gevra word om as argitek op te tree. Hierdie aanbeveling is ook eenparig deur die Sentrale Volksmonumente-komitee aangeneem en 'n boukommissie is aangestel.

### DIE VORM.

Die besonderhede van die ontwerp van die monument is nog nie uitgewerk nie, maar die denkbeeld is 'n massiewe bouwerk van wit graniet wat iets van die Zimbabwe-ruïnes vir historiese panele sal insluit. Aan die voet van die bouwerk sal die figuur van 'n Voortrekkervrou staan. Die bouwerk sal aan die hoof staan van en binne 'n muur wat 'n laer voorstel en waarop Voortrekkerwaens uitgebeeld sal word. Binne die laer sal daar plek wees vir duisend mense om te vergader en toegespreek te word vanaf die voet van die bouwerk.

### PLEK NOG NIE GEKIES.

Die volle besonderhede sal eers uitgewerk kan word, wanneer die plek gekies is waar die monument opgerig moet word. 'n Kommissie is reeds in Januarie jl. benoem om op die keuse van die plek in te gaan en verslag te doen. Die plan is om daaromtrent in Oktober 'n konferensie met die provinsiale komitees te hou. Intussen sal egter met die voorbereidende werk, panele ens. aangegaan word. Die monument sal van eg Suid-Afrikaanse aard wees en om te sê, soos party koerante nie-amptelik gedoen het, dat dit 'n Griekse of enige ander soort monument sal wees, is heeltemal verkeerd. Een van die aantreklikhede van die ontwerp is dat geleentheid aan verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars gegee kan word om by te dra en i.v.m. die historiese beeldhouwerk is die naam van Anton van Wouw reeds genoem. Sodra die planne finaal goedgekeur is, sal volle besonderhede gepubliseer word. Die gedagte is uitgespreek dat as die planne vir die monument behoorlik uitgevoer moet word dit onwaarskynlik is dat die onthulling van die geheel in 1938 kan plaasvind. Dog oor hierdie saak en oor die viering van die eeufees het die Sentrale Volksmonumente-komitee geen besluit geneem nie.